OMGEWING

Groot wild op regering se spyskaart

Deur **Elise Tempelhoff** | **11 Mei 2020 20:16**

As die regering sy sin kry, sal Suid-Afrikaners in die toekoms die vleis van diere soos renosters, olifante, seekoeie, waterbuffels, kangaroes en die Amerikaanse bison mag slag en eet.

Die name van 130 diere – sommige wild en sommige mak – verskyn op 'n lys wat die regering wil laat herklassifiseer as "vleis".

Die doel van die Wet op Vleisgesondheid is ook om mense toe te laat om met hierdie diere te boer.

Boonop het Thoko Didiza, minister van landbou, grondhervorming en landelike ontwikkeling, einde verlede jaar die name van 32 wilde diere op 'n lys aangebring wat in die Wet op Diereverbetering ingesluit moet word.

Dit sal mense toelaat om met hulle te boer en sluit leeus, renosters, jagluiperds en kameelperde in.

Albei dié wetsontwerpe is nog nie goedgekeur nie.

Die Wet op Diereverbetering het blykbaar 'n dooiepunt bereik nadat Barbara Creecy, minister van omgewingsake, bosbou en visserye, verlede jaar aangedui het sy wil met Didiza daaroor vergader. Dié vergadering het nog nie plaasgevind nie.

Onder die 130 dierespesies wat die regering tot die Wet op Vleisgesondheid wil laat byvoeg, is 'n lys van 98 wat op 28 Februarie uitgereik is.

Die helfte van dié diere is uitheems.

Verskeie reptiele, voëls en vis – waarvan die spesies nie genoem word nie – is ook daarop.

Didiza se departement het onlangs 'n kennisgewing uitgereik dat die kommentaartydperk vir die Wet op Vleisgesondheid van 28 April tot 30 Junie verleng is.

Verskeie nieregeringsorganisasies (NRO's) het intussen met veldtogte begin om Suid-Afrikaners daarvan bewus te maak dat die twee regeringsdepartemente (omgewingsake, bosbou en visserye, en landbou, grondhervorming en landelike ontwikkeling) besig is om die omgewing en wilde diere ter wille van geldelike gewin en sogenaamde werkskepping te kommersialiseer, is aan Netwerk24 gesê.

Rob Hutchinson, besturende direkteur van die NRO Dear South Africa, het die naweek gesê sy organisasie het nie 'n versoekskrif opgestel nie, maar volg die "regskanale om direk by (Didiza) se departement (oor hierdie saak uit te kom)".

In die meeste van die reaksie op die Wet op Vleisveiligheid waarsku belanghebbendes die minister dat Covid-19 juis uitgebreek het weens mense se eetgewoontes en die misbruik van wilde diere in China.

Die groep Animal Rights Activists het tot dusver sowat 1 302 handtekeninge vir sy veldtog gekry waarin hy druk op Didiza probeer uitoefen om nie renosters te

NUUSBULLETIN GEWILDSTE

1. Covid-19: Die jongste syfers
2. Fita-saak oor tabak eers Woensdag aangehoor
3. 'Infeksies sal die week 50 000-kerf oorsteek' – Cyril
4. FNB se aanlyn bankdienste lol
5. Wêreld-oseanedag vandag gevier



Stemme

Murray La Vita

Rubriekskrywer

Murray La Vita is 'n bekroonde rubriekskrywer en profielskrywer vir Netwerk24.

'Ons kan nie vir altyd Zoom nie'
'n 'Wonderkind' en die virus

| ALLE REGTE VOORBEHOU © 2020 MEDIA24

Die departement van omgewingsake, bosbou en visserye – wie se mandaat die bewaring van wild is – het Netwerk24 na die departement van landbou, grondhervorming en landelike ontwikkeling vir kommentaar verwys.

Dié departement het Netwerk24 na eersgenoemde departement terugverwys.

Bronne na aan dié departemente sê dit is “kommerwekkend” omdat die twee betrokke departemente nie met mekaar praat nie.

Meer oor: Thoko Didiza | Rob Hutchinson | Wildsvleis | Wet Op Vleisgesondheid

Nog stories

Wat is in armes se kospakkies? Dis wildsvleis!

Sommiges het geen begrip van jag, wildsvleis

Wildsvleis streng gereguleer

MyStem: Het jy meer op die hart?

Stuur jou mening van 300 woorde of minder na MyStem@netwerk24.com en ons sal dit vir publikasie oorweeg. Onthou om jou naam en van, ‘n kop-en-skouers foto en jou dorp of stad in te sluit.

Ons kommentaarbeleid

Netwerk24 ondersteun ‘n intelligente, oop gesprek en waardeer sinvolle bydraes deur ons lesers. Lewer hier kommentaar wat relevant is tot die onderwerp van die artikel. Jou mening is vir ons belangrik en kan verdere menings of ondersoeke stimuleer. Geldige kritiek en meningsverskille is aanvaarbaar, maar dit is nie 'n platform vir haatspraak of persoonlike aanvalle nie. Kommentaar wat irrelevant, onnodig aggressief of beledigend is, sal verwyder word. Lees ons volledige kommentaarbeleid hier.

Comments for this thread are now closed

9 Comments Netwerk24 Disqus' Privacy Policy Magda Naude

Recommend Tweet Share Sort by Best

Loffie Burger • a month ago

China se invloed op ons dowwe klompie. Die volgende virus aan die uitbroei hier in South China Republic. As hulle so graag kangaroo wil eet is ek seker die Ausies sal vir hulle gee. Een van die dae is daar soos in res van Afrika nie n lewende dier nie. Kyk maar na Zambia

3 | • Share ›

Marius Schrenk • a month ago

Elise Tempelhoff is vreeslik oningelig al skryf sy al jare (emosioneel) oor wildlewe. Iewers in die 1970's is die wet verander wat n grondeienaar ook die eienaar van die wild daarop maak indien sy heining hulle kan inhou. Van toe af het wildgetalle skerp toegeneem en BOER mense met wild. Die grondeienaars is WILDBOERE nie WILDBEWAARDERS nie. Dis was die mees suksesvolle "wildbewarings" wetgewing enige plek in die wereld. Word wakker.

3 | • Share ›

Johan van der Westhuizen • a month ago

Dit raak nou soos Zimbabwe.

2 | • Share ›

George Burton • a month ago

Uiteindelik is daar ñ sprankie hoop vir die stomme diere As hulle weer ñ

SKAKELS

| ALLE REGTE VOORBEHOU © 2020 MEDIA24

skape,beeste,hoenders ens nie bedreig nie? Omdat ons hulle kan en mag eet.En watter mens gaan sy bron van voedsel vernietig?Gelukkig begin die agendas van hierdie gekaapte diereregte organisasies (cites ingesluit) nou ontbloot word deur harde werklikhede.Hou so aan min Didiza.Leer sommer vir cyril ook van leiding neem.

1 | • Share ›

Jacobus van der Merwe • a month ago

Donkies - Oosterlinge.

1 | • Share ›

Jannie Venter • a month ago

Daar gaan ons vlermuisbevolking.

1 | • Share ›

Katrien H • a month ago

Leer mense steeds nie uit ander se foute nie? Die vleisbedryf werk baie goed al vir baie jare so hoekom iets wat werk nou breek?

1 | • Share ›

4 u • a month ago

Buffels en olifante is vroeer jare deur die parkeraad uitgedun en geblik...dit het soos bees gesmaak. Kangeroo kan jy alreeds koop.

| • Share ›

Annalene Nel • a month ago

Waar teken ons die petisie daarteen?

| • Share ›

Subscribe Add Disqus to your siteAdd DisqusAdd Do Not Sell My Data